Help asseblief om *baba-beanies* te brei vir die ***J58-projek***

Kom ons Brei!

Dit is darem net wonderlik hoe jy nooit nodig het om breiers twee keer te nooi om deel te wees van 'n projek nie. Almal van julle wat so gevra het wanneer doen ons weer 'n projek en almal wat gehelp het met die "Beanies met 'n Boodskap"-projek, hier is jou kans om daardie breivingers te strek en die breinaalde op te warm.

Ons gaan Baba-Beanies brei in die mooiste kleure en sodoende help met die J58-projek vir die Kraaifontein Kliniek.

•

Baba Beanies vir Kraaifontein kliniek

Lollipop double knit wol. 4mm breipenne. Koop twee kleure wol. Alles beskikbaar by Kleen Eazy in Northumberlandstraat, Bellville. 60 Steke en brei twee steke regs (plain) en twee aweregs (purl). Eers vir vier rye met die een kleur en daarna ruil jy elke twee rye die kleure sodat jy strepies kry waarvan die wol altyd aan dieselfde kant is.

Brei die mussie tot 15 cm lank is. Vou dan toe en werk mooi netjies toe met wol. Die mussie is diep sodat die voorste randjie kan omvou as hulle dit dra. Hou in gedagte dat die mussies vir babas is en kies kleure dienooreenkomstig. Plaas klaar mussies sommer in die houer vir J58.

Navrae: Marietjie van Biljon 082 8082 256 mvb@mweb.co.za